# EDRICH

(EDMS.) BPK.,

**Waar u diens en kwaliteit gratis kry.**

## ★ Fotografie

PROFESSIONELE ATELJEE
Reproduksie van ou familiefoto's
KAMERAVERKOPE
Ook tweedehandse kameras
FILMONTWIKKELING (Gratis Film)
Op ons perseel gedoen
FOTOSTATE

## ★ Kuns

MATERIAAL VIR DIE KUNSTENAAR
en student
GALERY VIR UITSTALLINGS
oorspronklike skilderye
BIND VAN SEMINARE
ALLES VIR DIE POTTEBAKKER

## ★ Raamwerk

BLOK VAN ENIGIETS
GROOT VERSKEIDENHEID POSTERS
ANTIEKE FOTORAME
TAPISSERIEË (Ons spesialiteit)

**Ryneveldstraat 34 Stellenbosch Telefoon 7-1177 Posbus 174**


Fotoset, versorg en gedruk deur Cabo, Stellenbosch.

# ATLETE VIR CHRISTUS

ATLETE VIR CHRISTUS · N.G. KERK



**1986**

## ONS HARDLOOP, SING EN GESELS CHRISTUS

# ATLETE VIR CHRISTUS

Ons is 'n groep van 21 Stellenbosse studente wat vanjaar vir die twaalfde keer toer sedert die ontstaan van die groep in 1975.

Ons doelstelling is tweeledig:

— om Jesus Christus te verheerlik, soos ons leuse dit stel:

"Ons Hardloop, Sing en Gesels Christus",


— tweedens om R16 000 in te samel vir die oprigting van kerksale in die snelgroeiende bruin stad op die Kaapse Vlakte, Mitchell's Plein en by Stellenbosch-Noord se Sendinggemeente.

Die groep is saamgestel uit 9 atlete, 'n sanggroep van 9 lede, 3 persoonlike werksters en 'n toerpa. Deur die dag hardloop die atlete op 'n aflosbasis tussen twee dorpe. Die aand tree die sanggroep op — die program bestaan uit ligte, gewyde sang asook persoonlike getuienis deur sekere lede. Ons toerpa lewer 'n kort boodskap en aan die einde word ruim geleentheid vir groeps- sowel as persoonlike gesprek gegee.

Mag die Here werklik vir u versterk deur ons optrede.



**G.P. Kellermann**, 'n vierdejaar-student in Teologie, en **Shanie van der Walt**, 'n derdejaar Maatskaplike student, is vanjaar ons toerleiers. G.P. kom vanaf die Strand en is 'n atleet in die groep. Shanie is 'n sopraan in die sanggroep en kom van Bellville.




**Ds. Jurie Swart** is leraar aan die N.G.-gemeente Hospitaalpark in Bloemfontein en is vanjaar ons toerpa.



**Lizbe Ferreira** en **Hanlie Cillie** is albei vierdejaar musiekstudente (B.Mus (Ed.) IV) en rig vanjaar die sanggroep af. Albei is van Bellville afkomstig.

# Atlete




**J.S. de la Bat**
MB. Ch. B. II (Medies)
Paarl
*Klankkontroleur*



**Radie Dippenaar**
B.A. II
Strand




**Wilhelm du Toit**
M. Ing. V
Vanderkloof



**Jan-Hendrik Hofmeyer**
MB.Ch.D. III (Tandheelkunde)
Robertson



**Braam van den Berg**
B.Rek. III
Johannesburg



**Stephan van Dijk**
MB.Ch.B. II (Medies)
Paarl



**Louis van Niekerk**
LL.B. III
Stellenbosch



**Hermie Visser**
MB.Ch.B.I (Medies)
Springbok

# Sanggroep



**Elizma le Roux**
B.Prim. Ed. IV
Stellenbosch
*Sopraan*



**Fransie Malherbe**
B.Sc. II
Nuweland
*Sopraan*



**Willemien Malherbe**
B.Prim. Ed. IV
Nuweland
*Alt*



**Irma Rothwell**
B.A. Maatskaplik III
Bellville
*Alt*



**Johan Basson**
B.Ing. IV
Stellenbosch
*Tenoor*



**Johan van Zyl**
B.A. II (Teologie)
Durbanville
*Tenoor*



**Jakes Barnard**
M.Th.
Stellenbosch
*Bas*



**Janse van der Ryst**
B.A. L.O. II
Bellville
*Bas*

# Persoonlike Werksters



**Margarete van Eeden**
B.A. III
Avontuur



**Mirieka Broodrijk**
B.A. Maatskaplik IV
Somerset-Wes



**Elsa Wilson**
B.Sc. IV
Williston

# Program

## Bekendstelling van groep

GOD GEE NUWE LEWE

1. Ek was eensaam en verlate
2. Ons lewe in 'n wêreld vol probleme
3. Soek allereers die koninkryk van God
4. Draer van lig
5. Hy is Heer
6. Samesang: **EK WEET VERSEKER** (Melodie: J.F. Kemp)

*Ek weet verseker dat Jesus leef*
*Hy het my sonde uit liefde vergeef*
*Ek was verlore maar deur sy bloed*
*Is daar nou vrede in my gemoed*

*Lig is sy las en sag is sy juk*
*Hy gee vermoeides die ware geluk*
*Uit sy genade, liefde en trou*
*Weet hul hoe God sy kinders behou*

*REFREIN:*
*Hy is my leidsman Hy laat my leef*
*Hy is Oorwinnaar Hy is die Heer*
*Selfs as ek struikel en het berou*
*Sal Hy vergewe Hy bly getrou*

## Persoonlike getuienis deur groeplede

DIE NUWE LEWE IS 'N FEES

7. Thy loving kindness
8. God is so goed
9. El Shaddai
10. Samesang: **GESANG 10**

*Grote God, aan U die eer!*
*Heerlik is waar U regeer;*
*hemels is u majesteit;*
*heilig u geregtigheid.*
*U wat alles onderhou,*
*U is ewig en getrou.*

*U, oor alles God en Hoof,*
*open oë van geloof*
*dat ons sien, geen goed of kwaad*
*word aan toeval oorgelaat:*
*Bokant ons begrip, verstand,*
*hou U al wat is in stand.*

*In genade, groot en ryk,*
*bou u, Heer, u koninkryk.*
*Voordat ek kon kies, kon vra*
*het u Seun my vloek gedra.*
*Ek kon vind: U't my gekry*
*voor ek nog my skuld bely.*

11. Saam wil ons die Here prys
12. Like a melody

## Boodskap deur Ds. Swart

LEEF IN ALLES VIR CHRISTUS

13. Elke dag met Jesus
14. Leer my soos Henog *(Ges. 273)*
15. Samesang **GESANG 222**

Vers 1:
*Bring aan die volke die boodskap van hoop en bevryding!*
*So sê die Here — verkondig al verder die tyding —:*
*'Daar is my Kneg!*
*Hy bring na nasies die reg.*
*Volg Hom getrou in sy leiding.'*

Vers 4:
*As Hy ons roep tot sy diens — hoe sal ons dit mag weier?*
*Hy is almagtig, genadig, die troue bevryder.*
*Dit gee ons krag:*
*knegte met koningsgesag*
*het God as hul medestryder.*

16. I know where I'm going...

*I know where I'm going and I know Who's going with me*
*I know who writes the music in the stillness of the morning*
*I found a wealth of gold and silver have I plenty*
*I have a light to guide me when the road is dark and stormy*

*Where are you going. Who will walk beside you*
*When the night is gloomy where is the light to guide you*
*And where's your gold and your silver brightly shining*
*Who writes the music in the stillness of the morning*

*I'm going where he goes and He'll be there beside me*
*The love for which He died is all I need to guide me*
*And He's my gold and my silver brightly shining*
*He writes the music in the stillness of the morning*


*Ek wil U dank Heer vir u liefde en u genade*
*U is 'n troue leidsman en beskerm my teen gevare*
*U is die weg en waarheid die lewe — U is my vrede*
*Help my om U te volg Heer in 'n wêreld vol probleme*
*U is 'n sterke rots. Aan U kan ek my lewe gee*
*Maak my aan U gehoorsaam om te wandel op u weg*
*U is getrou, regverdig en almagtig*
*U ken my hart Heer, daarom bid ek om u seën*
*AMEN*

17. Samesang: Onse Vader

## Informele Gespreksgroepe

*Besigtig ons uitstalling*

# Stellenbosch-Noord




Tans die enigste plek van aanbidding. Alhoewel die saaltjie normaalweg 200 persone op 'n keer kan akkommodeer, is gereelde opkomste van tot 500 kerkgangers vir 'n diens glad nie ongewoon nie!





Ons besoek aan hulle was op 'n koue, reënerige dag. Nog steeds was die bywoning goed en het ons die liefde van God by hulle ervaar.

# Mitchell's Plein



Hierdie kerkgebou is tans in aanbou. Daar word nog soortgelyke geboue benodig.



So lyk dit binne-in. Dit is nog nie klaar nie, maar daar word alreeds Sondagskoolklasse gehou.



Markus 16:15 —


... *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.*

# TOERPROGRAM

| *Datum* | *Oornagdorp* | *Afstand km* | *Datum* | *Oornagdorp* | *Afstand km* |
|---|---|---|---|---|---|
| 30 Junie: | Riviersonderend | 129 | 9 Julie: | Bethulie | 159 |
| 1 Julie: | Riversdal | 144 | 10 Julie: | Jagersfontein | 120 |
| 2 Julie: | George | 135 | 11 Julie: | Petrusville | 112 |
| 3 Julie: | Plettenbergbaai | 98 | 12 Julie: | Strydenberg | 108 |
| 4 Julie: | Humansdorp | 146 | 14 Julie: | Prieska | 114 |
| 5 Julie: | Kirkwood | 121 | 15 Julie: | Kenhardt | 187 |
| 7 Julie: | Cookhouse | 154 | 16 Julie: | Kakamas | 86 |
| 8 Julie: | Hofmeyer | 153 | 17 Julie: | Upington | 92 |

TOTALE AFSTAND: 2058 km

*Toerkaart*




**DONASIES KAN GESTUUR WORD AAN:**
ATLETE VIR CHRISTUS, DIE STUDENTE KJA, POSBUS 3028, STELLENBOSCH 7600.